Hoërskool Goudini

A P Hanekom - Skoolhoof

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

Geagte Ouers

PERSONEEL VERJAARSDAE

20 Mei – Suritha du Preez
31 Mei – Chris Jooste

UIT DIE KANTOOR

Om kinders met goeie waardes groot te maak, is nie iets wat ouers bewustelik iewers kan leer nie. Jou waardes bepaal in 'n groot mate hoe jy na die wêreld kyk, jou karakter, geloof, optrede en leefwyse. Wat jou motiveer om sekere dinge te doen, of nie te doen nie, word bepaal deur die waardes wat jy daaraan heg. Jou waardes!
Kinders se waardes word deur hul ouers se waardes, hul vriende, musiek, die media, hul geloof, onderwysers en hul rolmodelle bepaal.
Gesonde waardes, respek en liefde kan 'n gesin gelukkig maak en so die wêreld aanraak. Dit is iets wat voortdurend gedoen moet word en geen einde het nie – selfs as ons dink ons kinders is mooi groot, om self te weet wat reg en verkeerd is.

KINDERS SE LEWENSOMSTANDIGHEDE

As 'n kind met kritiek saamleef, leer hy om te veroordeel...
As 'n kind met vyandigheid moet saamleef, leer hy baklei...
As 'n kind met bespotting moet saamleef, leer hy om skaam te wees...
As 'n kind met skande moet saamleef, leer hy skuldig voel...

MAAR

As 'n kind verdraagsaamheid ervaar, leer hy om geduldig te wees...
As 'n kind aanmoediging ervaar, leer hy selfvertroue...
As 'n kind geprys word, leer hy om waarderend te wees...
As 'n kind billik behandel word, leer hy 'n sin vir geregtigheid...
As 'n kind goedkeuring ervaar, leer hy om van homself te hou...
As 'n kind met aanvaardig en liefde omring word, leer hy om lief te hê!

NOODHULP

Baie dankie aan almal wat so getrou help!

RUGBY

Pieter Hamman en Sipho Bantubathi is gekies in die Semi-finale o.13 groep vir 2016 waaruit twee spanne (Cravenweekspan en Boland XV-tal) gekies sal word op 27 en 28 Mei te Hoërskool Montagu. Baie geluk!

NETBAL

Ons wil dit net weer onder u aandag bring dat geen ouers asseblief tydens netbaloefeninge op die netbalbaan mag wees nie.

GIMNASTIEK

Charnelle Viljoen (Graad 3) het Saterdag, 7 Mei aan die Wynland Streekskompetisie vir Ritmiese Gimnastiek deelgeneem. Sy het 'n silwer medalje vir vlak 2 ontvang. Baie geluk!

LANDLOOP

Ses van Goudini se leerders het Saterdag, 7 Mei aan die seisoen se eerste landloopbyeenkoms by CPUT se kampus in Wellington deelgeneem. Baie geluk aan Dark Swarts met ons beste prestasie van die dag – hy was net buite die top 10 in sy ouderdomsgroep. Ons wens hul sterkte toe vir hierdie Saterdag se byeenkoms op Stellenbosch. Ons hoop om baie meer deelname te sien oor die seisoen wat voorlê.

SKAAK

Ons leerders het Woensdag, 12 Mei aan skaakwedstryde op De Doorns deelgeneem. Goudini het 4 uit die 6 wedstryde gewen. Baie geluk!

SPORTUITSLAE

DATUM	OPPONENT	SPAN (RUGBY)	UITSLAG	SPAN (NETBAL)	UITSLAG
5 Mei (weg)	Worcester-Oos	o.7A o.8A o.11B o.11A o.13B o.13A	Verloor 6-1 Verloor Verloor Verloor Verloor 20-0 Verloor 14-19	o.7 o.8 o.9A o.9B o.10A o.10B o.11 o.12 o.13B o.13A	Gelykop 2-2 Verloor 2-4 Wen 6-2 Verloor 0-4 Verloor 5-3 Verloor 4-1 Verloor 9-2 Verloor 13-3 Verloor Verloor
7 Mei (tuis)	Franschhoek	o.8 o.11A o.13 o.15 o.19A	Wen 12-0 Wen 48-0 Wen 15-10 Wen 14-10 Verloor 11-13	o.7A o.8A o.9A o.10A o.11A o.12A o.13B o.13A o.14A o.16A o.19B o.19A	Wen 0-4 Wen 0-14 Wen 0-3 Wen 3-2 Gelykop 9-9 Wen 5-4 Verloor 8-0 Wen 14-11 Verloor 6-10 Verloor Gelykop 9-9 Wen 25-11
11 Mei (tuis)	De Kruine	o.15A o.19B o.19A	Wen 24-0 Wen 15-8 Wen 52-3	o.14 o.16 o.19	-

SNOEPIE

Snoepie kaartjies van R50 of R100 is by Mev Smit se kantoor te koop. Die R100-kaart bestaan uit tien R10-blokkies vir broodjies en die R50-kaart bestaan uit kleiner bedrae vir los lekkers, chips, koeldrank ens. Ons wil graag kyk of hierdie idee werk sodat leerders nie met kontant by hulle hoef rond te loop nie. Die kaartjie sal die leerder se naam en 'n skoolstempel op hê en die bedrag/bedrae waarvoor die leerder items aankoop, sal dan op die kaartjie doodgetrek word.

MOVIE NIGHT



Daar word Woensdagaand, 18 Mei 'n "movie night" vir Graad 1 – 7 leerders in die mediasentrum gehou. Die toegangsfooi beloop R10 en daar sal hotdogs, popcorn en koeldrank te koop wees. Leerders kan by hul registeronderwysers betaal. Die deure maak 17:00 oop en die film word stiptelik om 18:00 gewys.

STALLETJIE BY DU TOITSKLOOF CRAFT BEER FESTIVAL

Du Toitskloof Wynkelder bied môre, 14 Mei 'n Craft Beer Festival aan. Daar gaan onder andere drie kostrokke van die Kaap en ag "craft beer" stalletjies wees. Hoërskool Goudini gaan ook 'n stalletjie hê wat pannekoek, geroosterde ham en kaas toebroodjies en worsbroodjies gaan verkoop. Die hekke maak om 12:00 oop en daar gaan verskeie kunstenaars, onder wie Valiant Swart en Die Blues Broers, optree. Kom ondersteun ons asseblief!

DAAR GAAN OORGENOEG KINDERVERMAAK WEES!

Die uwe

A P HANEKOM
Skoolhoof
13 Mei 2016